**2.19**
**TJEKONTVANGSTE EN REGSTREEKSE INBETALINGS OP DIE US-BANKREKENING**

**Bestek: Die beleid bevat die US en die Wet op wissels en verhandelbare dokumente se reëls en regulasies ten opsigte van tjek ontvangstes en regstreekse inbetalings op die US-bankrekening.**

**Beleid:**

Tjeks wat aan die universiteit uitgemaak word, is as gevolg van die wysigings in die Wet op wissels en verhandelbare dokumente, slegs aanvaarbaar indien dit uitgemaak word aan die UNIVERSITEIT STELLENBOSCH. Geen tjek indien dit ten gunste uitgemaak is aan ’n Instituut, koshuis, gimnasium, buro ens. sal aanvaar word nie. Enige wysigings op die tjek, al is dit deur die rekeninghouer volledig onderteken, sal die tjek ongeldig maak. Hierdie reëling is geldig vanaf 1 Augustus 2001.

Wanneer deposito's in ’n bankrekening van die US gemaak word, is dit die betrokke departement/afdeling se verantwoordelikheid om die nodige bewyse te verkry. Kontak daarna die Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur vir bevestiging van die inbetaling. Voorsien ook die volledige besonderhede vir allokasie nl. Datum van deposito, bedrag, deponeerder en kostepunt-rekeningnommer.

Al is daar nie 'n fisiese bewys nie, moet die departement/afdeling nog steeds bg. besonderhede verskaf aan die Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur voor allokasie na die betrokke kostepunt gedoen kan word.
Dit is ook van toepassing op ontvangstes vanuit die buiteland.

Verdere besonderhede kan by die Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur verkry word by sunbank@sun.ac.za.

**Kontak afdeling:**
Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur